Kimberley

Diamante het Kimberley gemaak, en vinnig ook. Dié skynbaar nuttelose klippies is in 1866 in die gebied ontdek en Kimberley is in 1871 gestig. Die Colesberg-koppie het byna oornag verdwyn in 'n dolle soektog na rykdom. Al wat oorgebly het is 'n gat in die grond. Daarom die grootste mensgemaakte gat in die wêreld, en een wat baie mense ryk gemaak het, insluitende Cecil John Rhodes. Geografies het Kimberley wat tussen die samevloeiing van die Vaal- en Oranjerivier gelê is, tot die Vrystaat behoort, maar die Britte het 'n belang in sy ondergrondse bates gehad – iets wat die Boere nie juis kon steel nie. Die Boere het die stad in die Anglo-Boereoorlog belê, maar op soek na vryheid, nie diamante nie. Kimberley ontleen sy naam aan koloniale sekretaris John Woodhouse, die eerste Graaf van Kimberley. Woodhouse het sy aupa in 1846 op twintigjarige ouderdom as lord Woodhouse opgevolg – sy pa is in 1834 oorlede. In 1866 is hy aangewys as Graaf van Kimberley 'n klein dorp in Norfolk, naby Wymondham, Engeland. As mynorp het Kimberley beslis sy kwota energieke jong mans gehad en het geselslik gou 'n sportsentrum geword. Rhodes het die eerste oorsese rugbytoer ooit na Suid-Afrika geborg, en Griekwaland-Wes was die eerste bouers van die Curriebeker.



Kimberley Boys' High

STIGTINGSDATUM: 1887
LEUSE: PER LABORES AD HONORES (SUKSES DEUR INSPANNING)
ADRES: DALHAMSTRAAT, KIMBERLEY

FNB

Skoolgeskiedenis

Kimberley Boys' High is in 1887 in 'n die Trinity Wesleyan Church Hall in gestig en die jaar daarna na Lanyon Terrace as Kimberley High School verskuif. Daardie jaar is De Beers Consolidated, wat die skool se belangrikste weldoener sou word, gestig. Die skool is gedurende die beleg van Kimberley gedurende die Anglo-Boereoorlog gesluit, en het in 1913 na sy huidige terrein teen Monument Hill geskuif. Die lap grond was 'n skenking van De Beers. Die hoeksteen is deur burggraaf Gladstone, goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika, gelê. Daarna is Kimberley Boys' High se geboue in die Kaap-Hollandse styl opgerig.

Rugby History

Die eerste wedstryd is in 1901 gespeel teen St Cyprian's Grammar School. Die skool het aanvanklik openbare velde gebruik, maar toe die bankrot Pirates-klub met sy pawiljoen oorgeneem. Die groot wedstryd van die jaar is gereeld teen Christian Brothers' College gespeel. Dit het op 'n Woensdagmiddag plaasgevind en het gewoonlik 'n groot skare gelok. Vandag word wedstryde by die skool gespeel. Kimberley Boys' High spog met 'n lang lys beroemde spelers, maar, bygesê, Griekwaland-Wes is die tweede oudste rugbyunie in Suid-Afrika. Die unie het toets-wedstryde aangebied en was etlike jare sterker as unies soos Transvaal en Natal. Die 1891 Britse Eilande toerspan het die Curriebeker saamgebring met die instruksies dat die beker moet gaan die span wat hulle die taaiste stryd aansê, daarna moet dit 'n wisseltrofee word. Griekwaland-Wes het die beker gevat maar was nie gelukkig om die beker later aan die WP te oorhandig nie. Sedertdien klou provinsies ook om die dood aan die Curriebeker vas. Die skool het talle bekende oudleerlinge opgelewer wat internasionale rugby

"Kimberley Boys' High het by my 'n hartstog vir rugby gekweek. Ek kon goed onthou hoe ek as 'n seun in die skool se voorportaal 'n foto gesien het van vyf Kimberley-oudleerlinge wat Springbokke was. Dit het my aangespoor, net soos die legendariese Springbok en breier Ian Kirkpatrick."

— Ken Ball (breier: Grey 1983, Dale 87-88, Hudson Park 89-92, Selborne 1993-95, hoof van SACS)

In die verlede is Kimberley Boys' High gevoed deur Transvaalse ouers wat hul seuns weg van Johannesburg se gewoel wou kry. Die skool het ook talle Rhodesiërs gelok. Ons koshuise was dus groot – die ruggraat van ons rugby. Maar wat my as plaaslike leerling regtig ontstig het, was die diskriminasie aan die einde van die kwartaal. Ons kon nie koshuis voor tienuur die Vrydagoggend verlaat nie, terwyl die Rhodesiërs reeds die hul trein op die Woensdag gehaal het, en die Transvalers op die Donderdag. Daar was kastig 'n reël dat alle leerlinge op dieselfde dag tuis moes wees!

Die dinamika van rugby, asook ouderdomsafdelings was verskillend toe ek nog gespeel het. Een jaar het ek o.14, o.16 en o.18 gespeel. Maar ek was gelukkig om saam met 'n paar van die grotes te speel. Van 1945 tot 1948 het ek saam met Jack van der Schyff en Dick Lockyear (my toekomstige swaer) in dieselfde span uitgedraf. Ons sou later al drie Springbokke word.

— Ian Kirkpatrick (1949, Springbokdebuut 1953)

vir Suid-Afrika gespeel het, onder andere: Fred Alexander, wie se oupa Napoleon Bonaparte se bewaarder op St Helena was; Sid de Melker, die laaste man van die berugte moordenares, Daisy de Melker, die laaste vrou wat in Suid-Afrika in die openbaar tereggestel is; Rajah Martheze, wat op Robbeneiland gebore is; Ian Kirkpatrick, wat jare lank 'n nasionale keurder en top-breier was en sy swaer Dick Lockyear; Bertie Powell, wat vir Suid-Afrika krieket gespeel en wie se jonger broer Jackie ook ook vir die land gespeel het; asook Fred Smollan; Jack van der Schyff; en Jack Gage, wat vir Ierland gespeel het voordat hy in 1933 vir Suid-Afrika uitgedraf het. Thabang Molefe is 'n onlangse SA-Skole speler wat ook vir die Blou Bulle en die Leeus uitgedraf het.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Jack Braine, William Cotty, Sid de Melker, Jack Gage, Bertie Gibbs, Sep Ledger, John McCulloch, Rajah Martheze, Klondyke Raaff, AD van der Hoff, Ginger Clarke, Ned Delaney, Uncle Dobbin, Ian Kirkpatrick Dick Lockyear, Cooper Meintjes, Bertie Powell, Fred Smollan, Jack van der Schyff, Jack Gage

Ierland:
Jack Gage